HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG

Posbus 215, Heidelberg, Gauteng, 1438
Tel: (016) 341 3165/6 Faks: (016) 341 3987 Epos: hvhadmin@lantic.net

08 Julie 2020

Geagte ouer / Voog

ALGEMENE INLIGTING RAKENDE TUISSTUDIE

Wetgewing:
Wet op rampbestuur (57/2002)
Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996)
Regulasies gepubliseer in Staatskoerant nr. 43364 op 28 Mei 2020

Ouers / Voogde kan by die Departement van onderwys aansoek doen vir tuisstudie onder die volgende voorwaardes:

1. Leerder met 'n ernstige onderliggende siekte.
2. Leerder met komorbiditeite.
3. Leerder in isolasie a.g.v. kontak met 'n positiewe COVID-19- geval.
4. Leerder amptelik onder kwarantyn geplaas.
5. Leerder positief getoets vir COVID-19.

"Tuisstudie" moet nie met "tuisonderrig" verwar word nie. Tuisonderrig sal beteken dat die leerder nie 'n ingeskrewe lid van die skool is nie, terwyl dit met tuisstudie nie die geval is nie. Met tuisstudie bly die betrokke leerder 'n volwaardige Volkie met alle regte en verpligtinge daaraan verbonde.

Die nodige dokumentasie met volledige instruksies is by die skool beskikbaar en kan by mnr. Johan Potgieter afgehaal word. Neem kennis dat die Department (nie die skool nie) toestemming vir tuisstudie verleen. Sodanige toestemming is voorwaardelik en tydelik van aard.

Ons versoek dat die saak met die nodige erns benader word en beslis nie gesien sal word as 'n geleentheid vir leerders om nie skool by te woon nie.

Die beste plek vir onderrig is en bly die klaskamer.

Volkiegroete

CW DE VILLIERS
HOOF (wnd.)